

’n Profetiese woord vir 2018 en verder – Deel 1

Opsoek na God se profetiese woord vir ’n nuwe jaar, kyk ek gewoonlik eers na die Hebreëuse jaartal van die Joodse Nuwe Jaar, wat gewoonlik êrens in Septembermaand reeds aanbreek.

Vanjaar se jaartelling is 5778, waar die getal 5 “genade” simboliseer, die getal 7 “afgerond, volledig voltooi, die geheel, totaliteit” simboliseer, en die getal 8 simbool is vir “’n nuwe begin, ’n nuwe seisoen”.

Ek sien dus hoe God in Sy genade ’n klomp dinge en ’n ou seisoen afhandel, om met ’n nuwe seisoen in ons lewens te begin.

Ons kan dus verandering, verskuiwing, en selfs “uitklim uit die boot”-senarios verwag.

Met dit in gedagte, het ek verder gaan luister na wat die lewende God vir hierdie tyd, vir nou, sê en ek het die volgende gehoor, wat jy asb., maar weer soos 1 Tess. 5:19 sê, moet toets aan die voete van die lewende God:

Onthou wat Ek vir julle gesê het in Jes. 55:8-11: “My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here; soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet.

So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”

As ’n profetiese woord werklik van My af kom, sê die Here, kan julle maar aan daardie woord vashou, want dit sal tot vervulling kom.

Skep moed, want al My profesieë oor jou lewe sal waar word en presies gebeur soos Ek dit oorspronklik belowe het.

Gryp daardie woorde in geloof vas en vertrou My om daardie woord in vervulling te bring. Hierdie seisoen voor julle is die tyd waarin Ek dit gaan doen.

Onthou, My Woord geld vir ewig en altyd. Dit bly waar ongeag seisoene wat kom en gaan. Dit beteken dat ’n deel van die profetiese woord wat Ek gee vir ’n bepaalde seisoen, ook die agtergrondmusiek is vir alles wat daarna gaan gebeur.

Dit beteken dat My Woord, soos daar in Mat. 6, ook vir hierdie tyd en vir altyd geld.

Daarom hoef julle nie jul te bekommer nie, want Ek is in beheer. Ek is en bly julle God en Vader.

Daarom kan julle in totale vrede en vertrou My Koninkryk en wat Ek in elke spesifieke situasie van julle vereis, “soek”, en ook beleef hoe Ek al die ander dinge wat julle nodig het, vir julle sal gee.

Dit beteken verder dat My Koninkryk, in die sin van soos dit in die hemel is en geld, midde al die chaos en al die donker rondom julle op aarde, aan die gebeur is.

Alles is dus nie net slegte nuus nie. Moenie toelaat dat die vyand julle so op die negatiewe laat fokus dat julle heelyd daarmee besig is en in die lig daarvan reageer nie. Dit is hoe die ongelowige wêreld reageer.

Laat My toe om deur My Gees en My Lewe in julle, julle denke te vernuwe sodat julle kan onderskei wat My wil is. (Rom. 12:2)

Kom sit stil by My, in My troonkamer, en laat My toe om julle die ware toedrag van sake te wys.

Laat My eers toe om julle weer iets van My heerlijkheid en wie Ek werklik is, te wys.

Dit is soos wat die Psalmdigter daar in Ps. 75:7 oor My sing: Dit is Ek wat verneder of verhef. Ek is die regter!

Of daar in vers 10: Ek is die Een wat die goddeloses verpletter en die regverdige optel en laat seëvier!

Dit geld steeds. Of dit nou in die markplek of op regeringsvlak is, Ek is totaal in beheer!

Soos Ek al hoeveel keer vir julle gesê: Vir diegene wat Ek liefhet, sal alles ten goede meewerk. (Rom. 8:28)

Hou dus op om heelyd mekaar te vertel wat negatief is en waarmee die vyand besig is. As julle dit doen, fokus julle net op die donker kolle. Laat My toe om julle die lig te wys!

Dit sal julle uithaal uit vrees, negatieweit en daardie magteloosheid wat julle oorval het omdat julle die vyand se leuens en bedrog begin glo het.

Onthou wie Ek is.

Prakties: Wat beteken hierdie deel van die profetiese woord prakties vir jou en my?

- Haal uit daardie profesieë wat jy in die verlede ontvang het en waarvan jy oortuig is dat dit God se Woord vir jou en vir nou is. Lees dit weer 'n keer en mediteer biddend daaroor. As ons 'n woord of 'n belofte van God het, en daarop fokus en dit vertrou om in vervulling te gaan, maak God dit wat Hy belowe het, waar; laat Hy dit realiseer en gebeur dit. (Spr. 23:7 in die Engels: "... as he thinks within himself, so he is".)

In hierdie seisoen is dit allerbelangrik om te onthou dat julle My familie op aarde is – Deel 2 van profetiese woord vir 2018

Hierdie is die 2de deel van wat ek beleef God se woord is vir Sy mense vir 2018.

2018 - Die jaar van die "familie van God"



Hierdie is die 2de deel van wat ek beleef God se woord is vir Sy mense vir 2018.

2018 - Die jaar van die "familie van God"

Die Here praat die afgelope tyd aanhoudend met my oor "familie-wees".

Ek hoor hoe die Here spesifiek oor 2018 en die jare daarna sê dit is die jaar van die familie.

Wat die Here in 2018 en daarna gaan doen, gaan God se mense en die wêreld stom laat en verwonder laat staan oor wie Hy is.

Mense gaan hulle op allerlei maniere vasloop in hierdie manjefieke, wonderlike, magtige God, wat ons asem wegslaan.

Dit gaan ons as **Sy familie weer opnuut inlei in 'n dieper vertrou en intimiteit met Hom. Dit gaan ons opnuut laat oorgee en laat sê: Here, U is en doen dinge wat so anders is as wat ons verwag en selfs voor gebid het, maar nogtans wil ons sê: Here, nie my wil nie, maar U wil; laat U wil geskied!**

Maar terug by wat ek hoor oor "familie-wees".

Sedert Rosh Hashannah, die Joodse Nuwejaar, hoor ek dat wat "familie-wees" betref, ons VUUR gaan beleef, soos nog nooit tevore nie, in hierdie deel van ons lewe.

Deel van hierdie vuur gaan die vyand wees wat op allerlei wyses in ons families gaan lostrek en verwoesting probeer saai. En dit geld beide van ons individuele families, huwelike en gesinne, maar ook in die familie van die Here.

Ons het dag vir dag 'n keuse om te maak vir óf lewe, óf dood!

Ons gaan heelyd moet kies tussen wat werklik belangrik is vir lewe, of maar bloot aangaan om net te fokus op oorlewing en op wat vir ons en ons vlees gemaklik is om te doen.

'n Lewe van oorvloed wat God vir ons begeer, en die lewe wat Hy deur ons aan ander wil bedien, gaan 'n prys kos.

Dit gaan moeite kos. Dit gaan beteken dat ons telkens voor die Here moet gaan sit en hoor wat wil Hy hê ons moet hier doen. En dan moet ons dit dadelik gaan doen.

Maar ek sien ook God se vuur aan die werk in families. En daardie vuur gaan skoon brand en groei en nuwe lewe bewerk, as ons dit toelaat. Daardie vuur van God en van Sy Gees, gaan ook lig bring, en dinge van die duisternis tot lig bring.

Die vyand het op allerlei maniere met baie van julle begin praat, sonder dat julle sy stem herken het. Daardie stem was dalk jou vriende of vriendinne, of die gemeenskap rondom jou, of selfs jou vlees en jou eie begeertes.

Luister weer na die Here se Woord daar in 2 Kor. 10:3-5, en gryp elke woord of gedagte aan die bors en maak seker wie se stem daar agter skuil.

Soveel van julle was in hierdie area van julle lewe, sy dit in julle eie bloedfamilie, gesin of huwelik, maar ook in julle familie-verhoudinge in die Liggaam van Jesus, onder demoniese aanvalle soos nog nooit tevore nie.

Soveel so, dat jy amper begin twyfel en begin opgee het.

Gevolglik het jy ook nie in daardie areas alles wat nodig was gedoen om God se wil en om iets van die Koninkryk van God hier te belewe nie.

Moenie opgee nie! Jer. 29:11-14 is ook God se plan in hierdie area van jou lewe.

As die vyand dit reg gekry het om dalk jou huwelik te vernietig, of chaos te bring in jou gesin – en dalk nie as gevolg van jou eie optrede of eie keuses nie – **weet net dit: Die Here God het steeds 'n buitengewoon wonderlike plan vir jou wat dit betref!** Stap jy maar net in gehoorsaamheid, dag vir dag, agter Sy stem aan, wat dit betref.

Onthou ook, die Here het ons oorspronklik “bedraad” om te kan liefhê.

En nou, na ons bekering en wedergeboorte, is ons deel van 'n nuwe skepping waarmee Hy besig is. Ons is deel van 'n nuwe geslag wat 'n verskil moet maak hier op aarde.

In Sy Naam moet ons as Sy kinders verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel wees daar waar Hy ons geplaas het.

Met die bonatuurlike krag en gawes wat Hy ons gegee het as Sy kinders, moet ons die wonderlike dade wat Hy gedoen het en kan doen, in Sy Naam doen en bedien, sodat ander ook Sy genade en liefde aan hulle eie lyf kan ervaar. (1 Pet. 2:9,10) En sodat ander ook Sy heerlijkheid kan sien.

Onthou ons is as deel van Sy nuwe skepping op aarde, na Sy beeld en voorbeeld gemaak.

Onthou dan dat Hy die God is wat alles op aarde geskape het deur Woord te spreek (Gen. 1:3,6,9; Joh. 1; 1 Joh. 1:1).

Nou het ons Sy Gees, krag en Woord in ons.

Onthou dan wat Hy ons belowe het: **“Hy wat in My glo, sal ook die werke doen wat Ek doen en hy sal groter werke as dit doen...”**

As deel van Sy nuwe skepping, is ons nou herbedraad, soos Hy van die begin af dit bedoel het, om werklik lief te hê.

Enige vrees, enige negatiwiteit in enige vorm, gaan ons en ander om ons, stukkie vir stukkie, dood maak.

Waar Sy Gees egter ten volle in beheer is, gaan die vrug daarvan wees "... liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing."

Prakties:

Gaan sit voor die Here en bedink hierdie profetiese woord en die implikasies daarvan vir jou lewe.

Bely wat bely moet word en kies om op te staan en te doen wat Hy al lankal vir jou in die verband gesê het om te doen.

'n Deel van jou opdrag het verander! – Deel 3 van profetiese woord vir 2018



Hierdie is die 3de deel van wat ek beleef God se woord is vir Sy mense vir 2018.

2018 - 'n Deel van jou opdrag het verander

Die afgelope tyd het jy maar net gedoen wat jy glo en gehoor het God vir jou sê om te doen.

Maar ek hoor hoe God vir 'n jaar of twee-drie reeds op baie maniere vir baie van ons begin sê het dat Sy opdrag verander het! Sy planne met jou, dit wat Hy wil hê jy moet nou spesifiek doen en waar Hy jou wil gebruik, het verander.

Baie van julle gaan dit selfs skielik en onverwags aan jou lyf begin beleef!

Van alle kante af is die Here besig om Sy mense opnuut bewus te maak van hulle outoriteit en krag as verteenwoordigers van die Koninkryk van die hemel hier op aarde. Soos destyds daar in die boek, Handeling.

Daarom hoor ek hierdie "nuwe opdragte" uit die Hemel.

Sommige van ons gaan selfs uiters verbaas wees waarheen die Here julle roep en waar Hy julle gaan staan maak.

Wees gerus en weet dat dit alles deel van Sy ewige plan is.

Luister jy maar net baie mooi na Sy sagte stem daar diep binne-in jou. Luister na die "promptings of His Spirit".

Ja, en selfs daar waar jy maar net gedoen het wat jy "gevoel het" om te doen, gaan jy beleef hoe presies, in detail, dit deur God gebruik word om jou te kry waar jy moet wees en om jou besig te kry met dit waarmee Hy wil hê jy nou besig moet wees.

Steve Schulze van Elijah List praat nie verniet van ons wat "al struikelende", en "al dwalende" presies uitkom waar God ons wil gebruik nie!

In sommige van ons se lewens was die Here met die oog hierop, in die afgelope jare besig om ons te genees om werklik as Sy familie ander werklik lief te kan hê.

In sommige van ons se lewens het dit beteken dat Hy ons moes lossny uit ongesonde verhoudinge en van waar die vyand se tentakels soos wortels diep in sekere areas van ons lewe vastrapplek gekry het.

Sy hart is immers dat ons as Sy mense werklik vry moet wees. Ons moet vry wees om onbevange te kan liefhê en Hom te kan dien, maar ons moet ook vry wees om weer vrede en vreugde in ons lewe te kan beleef.

Hierdie lossny en snoei was en is natuurlik vir ons pynlik, maar dit is altyd tot ons beswil.

Deel hiervan was ook om ons te help loskom en uitkom uit "ou wysakke", en uit sieklike verhoudings, sodat daar ruimte kan wees vir wat God nuut in ons en rondom ons wil doen.

Ja, soos wat daar geskryf is: die vyand kom regtig net in om te steel, dood te maak en te vernietig, maar God se hart is dat ons lewe en dit in oorfloed kan hê. (Joh. 10:10)

Moet dus nie die vyand glo wat vir jou vertel dat jy gestraf word nie. Selfs in daardie gevalle waar jy **ook 'n aandeel gehad het in die seer en in die stukkendheid, is God in Sy liefde en genade besig om** te snoei, water te gee, op te bind en ons vas te maak aan nuwe mense waardeur Hy in die toekoms lewe aan ons wil bedien.

Laat God dus toe om jou te bevry van alles wat jou tot nou toe vergiftig het.

Laat Hom toe om jou gedagtes, emosies, woorde, motiewe, begeertes, planne en keuses te detoks en te vernuwe.

Laat Hom toe om Sy bevrydingswerk in jou te doen. Bely die sondes wat God se Gees jou van bewus maak, vergewe die mense waar nodig, kies teen daardie gevoelens van bitterheid en wraak, en doen restitusie waar en wat nodig is.

Dit is belangrik in hierdie seisoen om God te vra vir 'n nuwe bril om na dinge in en rondom jou te kyk.

Moet asseblief nie op jou eie insigte en verstaan staat maak nie.

Maak 'n keuse om God volkome te vertrou dat Hy wat met 'n goeie werk in jou lewe begin het, dit sal klaarmaak. (Fil. 1:6) Ja, en in die proses moet sekere dinge afgebreek word, sodat Hy nuut en oor kan bou. (Job. 12:14; Jes. 61:4)

Weet net, wat daar in 1 Kor. 2:9 staan, is ook hier waar: "Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie, en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet."

Prakties:

Gaan raak stil aan Jesus se voete en laat die Gees van God jou oortuig van God se perfekte wil vir jou lewe in die lig van die profetiese woord.

En begin dan te doen wat Hy jou "prompt" om te doen.

Van die **donker na 'n lewe van onvoorwaardelike liefde** – Deel 4 van die profetiese woord vir 2018

Dink 'n oomblik na oor hoe dit voel om gebore te word en op te groei in 'n donker grot. En dan een dag, word jy uit daardie grot uitgelei net om in volle sonskyn daar buite te staan.

Dink hoe dramaties sal dit wees en hoe jou oë sal moet aanpas om gewoon te raak aan die lig.

Dit is presies wat met julle gebeur het toe julle My kinders geword het, sê die Here.

Soos daar in Kol. 1:13 in die Amplified vertaling staan: "The Father has delivered and drawn us to Himself, out of the control and dominion of darkness and has transferred and transitioned us into the Kingdom of the Son of His love."

As My kinders en as verteenwoordigers van die Koninkryk, moet julle My toelaat om julle te help om anders na dinge te kyk en anders daarvoor te dink.

Julle moet gewoon daaraan word om te sien hoe Ek skare begin genees as julle jul hande op hulle lê en vir hulle bid.

En dit gaan nie net gebeur met enkeles van julle nie. Nee, Ek wil almal van julle gebruik wat deel is van My familie.

Julle moet My toelaat om hierdie verwagting in julle te skep om vir mense te begin bid en dan voor julle oë te sien hoe Ek mense vry maak van die houvas van demone in hulle lewe en genees van soveel seer en pyn in hulle lewens.

2018 gaan "die jaar wees van onvoorwaardelike liefde".

Eintlik is elke jaar in die lewe van My mense bedoel om so 'n jaar te wees, ò die Here, maar hierdie jaar en die jare wat kom, gaan in die besonder sulke jare wees.

Maar, vir dit om werklik te gebeur, moet julle My toelaat om julle lewens te beheer en te verander deur My Gees wat in julle woon. Hy moet julle My hart gee.

Julle is reeds nuut, vry en My kinders. In die Naam van My Seun het julle outoriteit en krag om demone en siekte te laat wegvlug. Maar julle kort My hart en daardie onvoorwaardelike liefde en hartpassie van My Seun tydens Sy lewe hier op aarde.

Soos wat My **liefde vir julle meer en meer 'n werklikheid word** en dit julle verander, sal My liefde deur die werking van My Gees, in en deur julle lewe, die mense en die wêreld om julle begin verander.

Al wat mense en die wêreld om julle kan verander, is wanneer hulle hierdie liefde van My proe en so My leer ken.

Dit is wat Ek bedoel het toe Ek vir julle gesê het daar in Joh. 13:34 en 35: **“Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”**

As dit in julle lewens gebeur, kan en sal My Koninkryk in en rondom julle meer en meer 'n beleefbare werklikheid word.

Daarom het julle mekaar as Familie in Jesus so broodnodig.

Daarom gaan 2018 die jaar wees waarin die Here weer vir ons gaan leer dat die Ekklesia/ware Nuwe Testamentiese gemeente/kerk in die eerste plek FAMILIE is, familie van mekaar en FAMILIE VAN JESUS, DIE KONING VAN ALLE KONINGS.

Jesus en die Gees het reeds vir ons geleer dat alles oor verhoudings gaan. Dit is immers wat Joh. 13:34 en 35 reeds vir ons gesê het.

Gaan lees dan 1 Kor. 13, 1 Joh., en al 5 hoofstukke van Jakobus in hierdie lig.

Daarom is die Here God besig om al die mure en skeidings tussen Sy familie hier op aarde te verwyder, met of sonder hulle toestemming.

Hy is weer besig om Bybelse liefde, soos ons daar in die vroeg-Christelike gemeentes dit gesien en ervaar het, te herstel.

Ons het immers wegbeweeg van ons “eerste liefde” af, en gedink dat hierdie onafhanklikheid van die een-wees met die res van die Liggaam en met ander gelowiges, “normaal” en Bybels is.

Daarom nooi die Here Sy ware Bruid terug na haar plek binne die “vlees van My vlees, en been van My gebeente”.

In die eerste plek geld dit natuurlik vir ons intimiteit met en liefde vir Hom as die Hoof van die Liggaam.

Maar dan ook met en vir mekaar.

Hierdie ware intimiteit en liefde vir mekaar, begin in die eerste plek daar in die normale bloedfamilie tussen Sy kinders, en kring dan uit na al Sy ander kinders, tot by die uithoeke van die aarde.

Die een prentjie wat die hart van die Koninkryk van die hemel hier op aarde verteenwoordig en uitbeeld, is dit van 'n Familie van Jesus wat mekaar so liefhet dat mense ons herken as Familie van Jesus aan die manier en omvang van hoe ons mekaar liefhet. (1 Kor. 13:1-3)

Ons is in 'n seisoen wat die vyand daarop uit is om God se familie uitmekaar te ruk en te verdeel.

In die proses is hy besig om gelowige volgelinge van Jesus te isoleer van ander lede van hulle familie in Jesus.

Op allerlei wyses kry die vyand dit ook reg om die persone wat bedoel was as die "normale bloedomloopstelsel" van die Liggaam van Jesus en die rol van die volledige vyfvoudige bedieningspan hierin, totaal omver te gooi en te vernietig, strydig met die plan van die Hoof van die Liggaam hiermee, soos Ef. 4:11 tot 16 vir ons treffend uitspel:

"En dit is die 'gawes' wat Hy 'gegee het': apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.

Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God.
Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.

Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof, en uit **Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.**"

Daarom is dit so noodsaaklik dat jy jou naby-familie in Jesus so gou moontlik moet ontdek.

En as jy dit nog nie gedoen het nie, om dan hard en met erns te werk om daardie verhoudinge te verdiep en te laat ontwikkel.

Hoe sê Heb. 10:24 en 25: "Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."

Vriende, ons is in 'n oorlog en ons mag nie toelaat dat die vyand ons ooit alleen en onbeskerm in hierdie oorlog enige tyd kry nie.

Ons is nooit bedoel om "lone rangers" te wees nie, en ons is gedoem as ons alleen hierdie oorlog probeer veg!

Waarom dink jy staan daar in Spr. 11:14: "Sonder oorwoë leiding val 'n volk; die redding lê in baie raadgewers."

Of soos die KJ21 dit vertaal: "Where no counsel is, the people fall; but in the multitude of counselors there is safety."

Of soos die Message-vertaling dit vertaal: "Without good direction, people lose their way; the more wise counsel you follow, the better your chances."

Prakties:

Weet jy presies wie deel is van jou naby-familie in Jesus en op wie se knoppie jy 24/7 kan druk?

Weet hulle jy is daar vir hulle dag of nag?

Maak jy elke week tyd om saam met hulle tyd te spandeer aan die voete van Jesus?

Ps 78 **is 'n** Woord vir die seisoen – Deel 5 van die profetiese woord vir 2018

Hierdie is die laaste en vyfde deel van die Profetiese woord vir 2018 wat ek gehoor het. My opdrag was om dit by elkeen van julle af te lewer. Jou opdrag word verwoord in 1 Tess. 5:19 e.v., wat maar net op die volgende neerkom: Moenie profesie minag nie, maar toets dit...

HIER IS DIE VYFDE DEEL

In Ps. 78:19 staan die volgende profetiese woord vir 2018, naamlik: Kan God hier in die woestyn kos gee?

En dan antwoord die Here self hierdie vraag: Hou op om te vra: Kan die Here? Begin eerder om in hierdie nuwe seisoen in geloof profeties te verklaar: Ja, ons Here kan!

Dink 'n bietjie na oor alles wat al in jou lewe en rondom jou gebeur het. Het jy al self ervaar hoe Ek in 'n oomblik alles verander het? vra die Here jou.

Het jy al self met jou eie oë en ore, en met jou eie sintuie belewe dat **Ek lewe en dat Ek 'n verhoorder van gebed** is?

As jy dit al self geproe het, dan kan jy My mos ook vir hierdie keer vertrou!

Begin om vir jou kinders en kleinkinders en almal rondom jou te vertel wat Ek al in jou lewe gedoen het. Vertel hulle van hoe My genade, My liefde en My goedheid jou lewe en jou situasie totaal verander het. Vertel hulle hoe Ek jou uit die kake van die dood en uit die hel gered het.

Wel, Ek wil weer daar wees vir jou en jou geliefdes. Ek wil weer die Een wees wat My mense se situasie **in 'n** oomblik kan en wil verander.

Verstaan julle dan nog nie waartoe Ek in alles staat is nie? Besef julle nie dat julle ongeloof My kan verhoed om daar in julle situasie te doen wat Ek wil doen nie?

Gaan sit en wees 'n slag eerlik met jouself. Glo jy werklik dat Ek julle situasie kan verander? Ja, Ek weet julle bid en vra dit, maar glo julle dit werklik?

Het dit nie tyd geword nie om op te staan en weer hardop in geloof te bely: "Dit is wat my God belowe en sê in hierdie tyd. En ek kies om dit te glo. Daarom gaan dit gebeur!"

As jy wil hê 'n situasie moet verander, moet jy bereid wees om iets anders te doen as voorheen.

As jy wil hê iets buitengewoon moet gebeur, moet jy bereid wees om buitengewone saad, en nie die gewone nie, te saai.

Ja, jy sal bereid moet wees om uit die boot te klim en op die water te begin loop.

Daarom het Ek vir julle daar in Mat. 5:43-48 die volgende gesê:

"Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.'

Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg, sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeties, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.

As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag?

Maak die tollenaars nie ook maar net so nie?

En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?

Wees julle dan volmaak soos **julle hemelse Vader volmaak is.**"

Julle is soms so ingestel op die aanvaarding van ander rondom julle, dat julle so versigtig word om nie iets te doen wat dalk die boot sal skommel of omgooi nie.

Hierdie is nie 'n seisoen waarin julle net kan doen wat ander van julle verwag nie.

Nee, hierdie is 'n seisoen waarin julle My moet vertrou om julle te bevry van julle vrees vir mense en vir julle vrees vir wat hulle van julle gaan sê.

Hierdie is 'n seisoen waarin julle tyd moet maak om by My te kom sit en toe te laat dat Ek julle verander en wys wat My wil is. En dan moet julle opstaan en dit gaan doen, ongeag die konsekwensies vir julle persoonlik.

Onthou julle daardie gebeure waarvan 2 Kon. 5 vertel? Van hoe Naäman genees is van sy melaatsheid?

Hy wou hê die profeet moes uitkom en moes sy God aanroep terwyl hy sy hande heen en weer oor die melaatsheid op sy vel beweeg totdat God dit genees.

Maar, nee, toe stuur die profeet 'n boodskapper om vir hom te sê hy moet homself sewe keer in die vuil Jordaanrivier gaan was, dan sal hy gesond word.

Verstaan julle dan nog nie dit wat Ek deur My Gees vir Paulus daar in Ef. 3:20, 21 laat skryf het nie?

Daar bely hy: "Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen."

Kom sit hier by My voete, want Ek wil aan julle openbaar die groot dinge wat Ek nou gaan doen!

Daarom sê Ek in hierdie nuwe seisoen vir jou: Dit is tyd! Alles wat Ek belowe het en daar in jou gees aan jou geopenbaar het, gaan Ek nou waar maak!

Dink terug aan al die profetiese woorde en beloftes wat Ek aan jou gegee het die afgelope tyd! Dit is op die punt om te gebeur! Nou, en nie eers oor maande van nou af nie!

Alles wat oor al die jare en seisoene in jou lewe gebeur het, al daardie toetse, swaar tye, worstelinge, gebeure, omstandighede, was alles deur My genade die leer waarmee jy tot hier in hierdie seisoen kon klim.

Ja, jy het werklik die afgelope tyd met groot erns gesoek na My Koninkryk en My wil vir jou lewe.

En deur My genade het Ek dit alles ingewerk in die tapisserie oor My perfekte plan vir jou vir hierdie seisoen.

Die "Passion"-vertaling vertaal Ef. 6:10 soos volg: "Be supernaturally infused with strength through your life union with the Lord Jesus. Stand victorious with the force of His explosive power flowing in and through you".

2018 gaan 'n buitengewoon wonderlike jaar vir My mense wees.

'n Belangrike deel daarvan gaan dit wees wat Ek aan julle nuut en vars gaan openbaar.

Die Here sê: Al dink jy weet presies wat Ek vir jou in gedagte en beplan het vir die volgende seisoen, het jy maar nog net die tippie daarvan raakgesien en verstaan.

Jy het nog nie die helfte gesien van wat Ek vir jou en My mense beplan het nie. Ek het dit doelbewus gedoen om **vir jou tot nou toe nog net so 'n kykie deur die gordyne te gee.**

Ek gaan soveel van My mense lanseer in presies waartoe Ek hulle geroep het en waarvoor Ek hulle al die jare voor voorberei het.

Wanneer Ek dit aan jou gaan openbaar, gaan dit wees asof al daardie drome en al daardie profetiese woorde **van soveel jare, saam met al die beloftes en seën daarvan, soos 'n golf julle gaan tref dat julle letterlik snak na julle asem.**

Dit sal wees asof julle in 'n oomblik die bloudruk sien van alles wat Ek in die hemel die hele tyd vir julle beplan het, en julle sal alles hê wat dit vir julle moontlik maak om dit na te jaag en te doen in 2018.

Daarom gaan die eerste 120 dae/4maande van 2018 'n tyd van geweldige vinnige veranderinge wees vir die meeste van julle. Dit gaan so vinnig gebeur vir mense, dat dit baie keer vir hulle gaan voel hulle droom en maak dat hulle hulself moet knyp om seker te maak dit gebeur werklik.

Dit gaan 'n buitengewoon wonderlike tyd wees vir My mense, sê die Here.

Vir julle wat tot nou toe met alles wat julle gehad het, net moes vasbyt en bly glo dat God se woorde en beloftes gaan gebeur... vir julle wat getrou was daar in die woestyntye en in die donker tye die afgelope tyd... vir julle sê die Here: Dit wat julle op gehoop het, dit waarvoor julle My vertrou het die hele tyd, daardie dinge lê voor die deur en is op die punt om te gebeur!

Kom sit by My voete dat Ek jou hart kan voorberei vir dit wat vir julle voorlê.

Prakties:

Ek hoop en vertrou dat jy opnuut gekies het om in hierdie nuwe jaar gedissiplineerd op 'n nuwe, vars manier, tyd saam met die Here elke dag te spandeer.

Miskien sal dit help om vroeg-oggend op te staan en dan met Hom tyd te spandeer voordat jy enigiemand anders in die oë kyk.

Dit kan ook help om met 'n nuwe Bybellees-program 'n slag die Bybel nuut en vars deur te lees in 'n ander Bybelvertaling as gewoonlik. (As jy hulp hiermee nodig het, vra maar net, want ek het baie moontlikhede wat ek vir jou kan aanbied.)

2018 – In die lig van God se profetiese woord

Ek vertrou dat jy die 5 dele van die profetiese woord vir 2018 self aan die voete van Jesus gaan toets het.

Maar omdat Jakobus 2:17 vir ons uitdaag met die woorde dat geloof sonder werke dood is, wil ek jou uitdaag om dan werk te maak met daardie woord van God vir hierdie jaar.

Jak. 2:14 sê: “Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy dade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?”

Kom ek vertaal dit in Christo Nel se Afrikaans: Wat help dit om te sê jy glo dat dit God se profetiese woord is vir 2018, maar jy doen self niks in die lig daarvan nie?

As jy glo dat die Here jou in hierdie jaar hierdie merkwaardige pianis wil maak, maar jy gaan nie vir klavierlesse by die beste van bestes nie, gaan dit nie gebeur nie!

Daarom wil ek jou uitdaag om dit wat jy glo deel is van God se Woord vir jou vir hierdie jaar, te gaan neerskryf. Gaan sit voor die Here en hoor presies wat Hy met jou in gedagte het vir hierdie jaar.

As jy, soos ek, hoor dat daar in die volgende drie/vier maande groot veranderinge in jou persoonlike lewe of werksituasie gaan plaasvind, begin jouself daarvoor posisioneer en gereed maak.

Begin jouself uitdaag! Vind uit by die Here waarvoor jy Hom moet begin vertrou en dan begin jy erns daarmee maak. **Skryf dit ten minste 'n slag neer.**

Maar miskien weet nie jy presies wat die Here in gedagte het nie. Gaan sit dan by Hom en vra vir Hom 'n bril, 'n prentjie, wat jou kan help sien wat Hy vir jou en jou geliefdes in gedagte het. En gaan skryf dit dan neer.

Doen soos wat daar in Hab. 2:2-4 staan:

Daag jousef uit deur dit wat jy aan God se voete begin "sien" het, daardie prentjie, daardie doelwitte, neer te skryf en begin dan Hom te vertrou om dit wat Hy gesê en gewys het, waar te maak.

Begin jy dan ook om te doen wat jy moet doen.

Hou op verskonings maak, of redes te soek waarom dit nie kan gebeur nie. Kies om van nou af in geloof te dink, te sê en te doen wat jy glo God se hart vir jou en jou geliefdes is.